

15 April - GEBORE

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18

Fokusgedeelte: Jakobus 1:14, 15

Daar is iets soos versoekinge in die lewe. Dit is die verleiding of versoek om sonde te doen. Versoekinge kom nie van God af nie, sê Jakobus. God kan wel versoekinge as 'n toets gebruik, maar God is nie die bron van versoekinge nie.

In vers 12 word die Christen gelukkig geag indien hy teen versoeking staande bly en die toets slaag, en word die oorwinningsprys as aanmoediging genoem om in hierdie stryd nie uit te sak nie.

Na hierdie positiewe aanmoediging kom Jakobus in ons fokusgedeelte (vs 14, 15) by 'n waarskuwing teen versoekinge se slinkse manier van werk. Hy beskryf eers ons begeertes as 'n jagter. Die woorde "aanlok" en "saamsleep" in vers 14 is jagterme waar die jagter sy honde die bos instuur om die bokkie uit sy skuilplek te jaag.

Dit is wat ons begeertes doen. Dit laat ons kriel in ons veilige standvastigheid en dit jaag ons mettertyd daaruit. En dan hou ons begeertes aanloklike aas voor ons om sonde te doen, net soos die visserman die vis uitlok om te byt terwyl daar 'n gevaarlike hoek in is.

In vers 15 is begeerlikheid nie meer 'n jagter nie, maar 'n vrou. As vrou word sy deur die verkeerde gedagte, woord of daad bevrug en groei die sonde as babatjie in die vrou. Indien die persoon hom nie met berou bekeer nie, bly die babatjie groei en uiteindelik gee die begeerlikheid geboorte aan die dood.

Met *dood* word hier nie na die ewige dood verwys nie, maar na doodsheid, na omstandighede van selfsug, skuldgevoelens en spanning waarin die lewe van die Gees van God bedroef en geblus word.

Sing: Psalm 31:3 (1936-beryming)

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)